# HILLCREST HIGH SCHOOL

## GRAAD 12

### AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

### VRAESTEL 1

### JUNIE EKSAMEN 2017

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye**

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | [30] |
| AFDELING B: | Opsomming | [10] |
| AFDELING C: | Taal | [40] |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op ‘n NUWE bladsy.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat ‘n reël oop na ELKE antwoord.

6. Skenk baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1 - ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS A

# Adam Barnard - al singend in sy siektestryd!



1. Hy wag steeds op 'n nieroorplanting. En al is hy so swak dat hy in 'n rolstoel sit, het die sanger Adam Barnard, wat voorheen 'n lid van die die gewilde groep *Romanz* was, weer moed vir die toekoms. Hy sing selfs uit volle bors vir sy medepasiënte en die personeellede van die rehabilitasie-eenheid in die Eugéne Marais-hospitaal in Pretoria, waar hy verlede maand opgeneem is.

2. Sy mediese span het vroeër vermoed dat Adam aan Guillain-Barré-sindroom ly, 'n outo- immuunsiekte wat 'n mens kan verlam. Maar nou het die donker wolk van hierdie siekte oor Adam (31) verdwyn, want die dokters het uitgevind dis nie die geval nie.

3. "Dit was 'n groot verligting vir Adam," sê Gerda Swart, die rehabilitasie-eenheid se bestuurder. Adam is nog te swak om self 'n onderhoud toe te staan, maar het ingestem dat sy met Huisgenoot praat.

4. Die aantreklike donkerkopsanger het al van sy kinderdae af las van sy niere gehad. Chroniese medikasie moes die werking van sy niere steun, maar verlede Junie het hy ernstig siek geraak op 'n Hallelujah SA-konserttoer, waarin hy landwyd saam met verskeie skoolkore opgetree het.
   Adam het enkele ure voor sy optrede in Bloemfontein weens dehidrasie in 'n hospitaal beland, maar is op eie risiko ontslaan omdat hy nie die vertoning wou misloop nie.
   Die volgende dag is hy vir verdere behandeling in die Jakaranda-hospitaal toegelaat. Dokters het toe 'n nieroorplanting aanbeveel.

5. "Hy is baie maer en het die afgelope drie maande baie gewig verloor," vertel Gerda. "Hy is van ander mense afhanklik vir daaglikse aktiwiteite, soos om te eet en die kamer te verlaat. Hy kan ook nie self met sy rolstoel oor die weg kom nie."

6. Tog is dit 'n voorreg om Adam daar by hulle te hê, sê Gerda oor hul bekende pasiënt. "Hy sal sommer impromptu vir die ander pasiënte in die saal begin sing. Soms, wanneer hy badkamer toe geneem word, sal hy so kliphard sing dat sy stem tot doer onder in die gang gehoor kan word. Die personeel kan nie wag dat hy badkamer toe moet gaan nie!"

7. "Maar die belangrikste is dat hy nou sy kragte moet opbou," sê Gerda. Al het hy twee moontlike nierskenkers, moet sy liggaam eers sterk genoeg word vir die oorplanting. Niemand weet nog wanneer dit uitgevoer sal word nie.

8. Sy voormalige *Romanz*-sangmaats sê dat Adam se sterk geloof hom deur dié moeilike tyd sal dra. Hulle behou deur 'n WhatsApp-groep kontak. Die viertal het 'n sterk vriendskap opgebou in die dae toe die gewilde groep lang ure saam in opname-ateljees deurgebring het of die langpad van verhoog na verhoog aangedurf het. Hulle is selfs genooi om in 2011 op prins Albert van Monaco en Charlene se koninklike troue te sing!



9. Die talentvolle manne het nie net saam sukses gesmaak nie; hulle staan mekaar deur dik en dun by. "Ons het van die begin af 'n '*gentlemen's agreement* gehad," vertel Louis ['n lid van *Romanz*]. "Wanneer enige van die lede deur diep waters gaan, sal die *band* altyd daar wees om hom te help."

10. Watter boodskap het sy kamerade nou vir Adam? " Hy moet net aanhou baklei," sê Louis. "Hy moet weet watter groot inspirasie hy vir ons is, en ook vir al sy aanhangers."

[Verwerk uit HUISGENOOT, 13 April 2017]

**VRAE:**

1.1 Adam Barnard is baie siek.
Watter **woord** in die opskrif gee 'n meer positiewe atmosfeer vir hierdie artikel? [1]

1.2 Haal 'n **woord** uit paragraaf 1 aan wat vir jou sê dat Adam nie meer 'n lid van *Romanz i*s nie. [1]

1.3 Waarom kon Adam nie die onderhoud met Huisgenoot doen nie? [Paragraaf 3]
Haal 'n frase van **5 opeenvolgende woorde** as antwoord aan. [1]

1.4 Hoe bemoedig Adam sy mede-pasiënte by die Eugéne Marais-hospitaal?
Haal **5 opeenvolgende woorde** as antwoord aan. [1]

1.5 Adam het op sy Hallelujah SA-konsertoer [paragraaf. 4] vir die eerste keer nierprobleme ontwikkel.

1.5.1 Haal 'n **sin** aan om hierdie stelling verkeerd te bewys. [1]

1.5.2 In watter stad het hierdie Hallelujah SA-konsertoer plaasgevind toe Adam weens dehidrasie in 'n hospitaal opgeneem is? [1]

1.6 Waarom was Jakaranda-hospitaal nie baie gretig om Adam op te neem nie? [1]

1.7 Adam is nie baie onafhanklik nie.
Noem 2 dinge waarmee hy hulp benodig. [2]

1.8 Waarom is Adam 'n "bekende pasiënt" [paragraaf. 6]? [1]

1.9 Wie is die "personeel" waarna paragraaf 6 verwys? [1]

1.10 Waarom kan Adam nie dadelik 'n nieroperasie kry nie?
Haal **10 opeenvolgende woorde** as antwoord aan. [1]

1.11 Watter kommunikasiemiddel gebruik Adam se voormalige sangmaats om gedurig met hom in kontak te bly? [1]

1.12 Verduidelik in jou eie woorde wat "die **langpad** van verhoog na verhoog" was? [Paragraaf 8] [1]

1.13.1 In watter **land** het hulle in 2011 opgetree?
Skryf net dié land se naam neer. [1]

1.13.2 Wat was dié spoggeleentheid waar hulle toe gesing het? [1]

1.14 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

"hulle staan mekaar deur dik en dun by" sê vir ons dat hulle

A. maer en vet lede in die *band* het.
B. mekaar in goeie en slegte tye bystaan.
C. beursies soms dik en soms dun is.
D. mekaar nie baie sien nie. [1]

**[17]**

## TEKS B - SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Verwerk uit: www.google.com]

1.15. Wat is die spreker besig om te doen, wat onwettig is? [1]

1.16 Skryf die boodskap wat die spreker stuur in standaard Afrikaans oor. [1]

1.17 Watter ander tipe vervoermiddel kan jy ook in die prentjie sien? [1]

1.18 Die bestuurder in die ander motor is woedend. Watter 2 dinge sê dit vir jou? [2]

**[5]**

## TEKS C - STATISTIEKE

Bestudeer die volgende statistieke en beantwoord al die vrae.


### Só kom meeste leerlinge by die skool




### Persentasie van leerlinge wat 'n B-graad verwerf het ná graad 12, volgens bevolkingsgroep

| | 1970 | 1980 | 1990 | 2000 | 2010 | 2015 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Wit | 18% | 20% | 22% | 22% | 29% | 29% |
| Indiër | 17% | 17% | 15% | 18% | 20% | 20% |
| Bruin | 10% | 11% | 11% | 9% | 6% | 6% |
| Swart | 11% | 13% | 16% | 13% | 9% | 9% |

### Wat studeer meeste mense op universiteit




Bron: Statistieke SA en die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) Grafika24

1.19 Hoe kom die meeste Suid-Afrikaanse kinders by die skool? [1]

1.20 Verduidelik in jou **eie woorde** wat 'n "karpoel" is. [1]

1.21.1 Watter bevolkingsgroep het in 2000 die meeste BA-grade gekry? [1]

1.21.2 Watter bevolkingsgroep het in 1970 die minste BA-grade gekry? [1]

1.22 Watter studierigting word derde meeste deur studente gekies? [1]

1.23 Wat is die gewildste studierigting? [1]

1.24 Watter studierigting moet jy kies as jy 'n boer wil word? [1]

1.25 Wie het hierdie statistieke opgestel? [1]
**[8]**

## TEKS D - ADVERTENSIE




1.26 Wat bied BENNY BRAINBOX aan?
Skryf **een woord** as antwoord neer. [1]

1.27 Wie adverteer hier? [1]

1.28 Al die boeke kan net deur Afrikaanssprekende en Engelssprekende kinders gebruik word.

Haal **15 opeenvolgende woorde** aan wat bogenoemde stelling verkeerd bewys. [1]

1.29 Hoekom kan daar nie telefonies navrae gedoen word nie? [1]

1.30 Wat kan jy besoek vir meer inligting? [1]

**[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: (35 verwerk na 30]**

## AFDELING B: OPSOMMINNG

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

## VRAAG 2

## INSTRUKSIES

1. Som die SEWE wenke vir hoe om ‘n entrepreneur te word, op.
2. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## TEKS E: Word ‘n entrepreneur

Om ‘n nuwe onderneming te begin is nie kinderspeletjies nie. Hier is ‘n paar wenke:

Doen navorsing oor jou idee. Kyk of daar ‘n mark vir jou produk/diens is. Gesels met potensiële klante oor wat hulle wil hê.

Moenie ‘n onderneming begin net omdat jy dink dit gaan jou baie geld in die sak bring nie. ‘n Onderneming wat gegrond is op jou sterk punte en talente se kanse op oorlewing is soveel groter.

Moenie aan die begin onnodig geld uitgee nie. Vergeet van groot kantore of ‘n luukse koffiemasjien. Jou beursie is jou onderneming se lewensbloed.

Ons leef in ‘n digitale era en as jy klante wil lok is ‘n webtuiste, blog, Facebook- en Twitterrekening baie belangrik. Daarsonder kan jy net sowel nie bestaan nie. Google is ‘n baie magtige wapen.

Moenie vir ‘n appel en ‘n ei werk nie. Jy begin die besigheid om jou inkomste te verhoog, nie om verniet te werk nie. Vra die regte prys vir die diens wat jy lewer.

Neem ‘n risiko. ‘n Entrepreneur moet vreesloos wees. Markte verander, ongelukke gebeur, niks is verseker nie. Die lewe is te kort om bang vir mislukking te wees.

Soek hulp by Seda, oftewel die *Small Business Development Agency,* ‘n bron van onskatbare inligting vir alle voornemende nuwe sake-eienaars. Hulle bied ‘n magdom nuttige inligting, van hoe ‘n mens tender, personeel aanstel en marknavorsing doen tot waar om vir finansiële steun te soek.

[Verwerk vanaf: www.vrouekeur.co.za]

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## TEKS F




3.1 Kies die **KORREKTE WOORD** tussen die hakies en skryf dit neer.

Moeder stoot die baba in ‘n [stoottrollie / stootwaentjie / stootmotortjie]. [1]

3.2 Geen die **ANTONIEM** van die woord tussen hakies.

Watter musiekinstrument interesseer jou die [meeste]? [1]

3.3 Kies die **KORREKTE WOORD** tussen die hakies en skryf dit neer.

Die [kies / keuse] van die regte musiekinstrument is ‘n groot besluit. [1]

3.4 “Sodat jy een kan vind wat by jou persoonlikheid pas.”

Bostaande woorde uit die strokiesprent word [hoopvol / sarkasties] bedoel. [1]

3.5 Kies die **KORREKTE WOORD** tussen die hakies en skryf dit neer.

Ek [weet / ken] nie die verskil tussen goeie en swak musiek nie. [1]

3.6 Gee die korrekte **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies.

Die seuntjie wil [baie graag] ‘n musiekinstrument speel. [1]

3.7 Voltooi die sin met die korrekte **VERGELYKING.**

Die moeder was eers so koel soos 'n… [1]

3.8 Gee 'n **SINONIEM** vir die woord tussen die hakies.

Moeder is [bly] dat haar seun 'n musiekinstrument wil speel. [1]

3.9 Vorm 'n **SAMESTELLING** van die woorde tussen hakies.

Hulle is op pad na 'n [dier+tuin]. [1]

**[9]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENTE

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprente hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS G




4.1 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Ons kinderdae was baie anders as vandag se kinders. [1]

4.2 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Die skoolkind stel nie baie belang in sy onderwyser se kinderjare nie.
Hy lyk baie verveeld. [daarom] [1]

4.3 Skryf die volgende sin oor deur die **INFINITIEF** te gebruik.

Die skoolkind moet na die onderwyser luister.

Begin so: Die skoolkind behoort ... [1]

4.4 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Meneer sal elke dag die storie vir die leerlinge vertel. [1]

4.5 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Die skoolkind vra: "Was daar dan in daardie tyd al radio's?" [1]

4.6 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen die hakies.

Meneer het middae rugby by die skool gespeel. Hy het na stories op die radio geluister. [nadat]

Begin so: Nadat..... [1]

4.7 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Meneer is baie nostalgies oor sy kinderdae. [1]

4.8 Skryf die volgende sin oor deur die **INFINITIEF** te gebruik.

Die skoolkind kyk elke middag na TV-programme.

Begin so: Die skoolkind hoef..... [1]

4.9 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Is die seun al moeg vir Meneer se stories?

Begin so: Nee, ... [1]

4.10 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Meneer vertel eers stories oor sy kinderdae, dan skryf die kinders eksamen. [1]

**(10)**

## TEKS H



4.11 Gee die **Afrikaanse woord** vir die onderstreepte woord in die sin.

“Daar’s die deur, vat die “gap”! [1]

4.12 Vorm ‘n **SAMESTELLING** van die woorde tussen die hakies.

Die seun wag net vir [eet+tyd]. [1]

4.13 Gee die **VERKLEINING** van die woord tussen die hakies.

Pa se klein [das] is vol kolletjies. [1]

4.14 Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen die hakies.

Die seun lê al vir baie [dag] op die bank en kyk TV. [1]

4.15 Gee die **OORTREFFENDE TRAP** van die woord tussen die hakies.

Dit is die [goed] om na skool te gaan werk. [1]

4.16 Voltooi die volgende **INTENSIEWE VORM**.

Die pa is [baie kwaad] vir sy lui seun. [1]

4.17 Kies die korrekte **BETREKLIKE VOORNAAMWOORD** en skryf dit neer.

Die seun [wat / wie] op die bank lê se hare is onnetjies. [1]

4.18 Verskaf die korrekte **PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE** van die woorde tussen die hakies.

Die seun het [die seun] voete op die bank en [die seun] kyk na sy pa. [2]

4.19 Gee die korrekte **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woord tussen die hakies.

Die seun is [moeg] as sy ander werkende vriende. [1]

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS I

# MANIERE

**Aangename kennis** **Dankie** **Jammer**

**Asseblief** **Goeiemôre** **Plesier** **Hallo**

Ja, dis die belangrikste toorwoorde wat jy sommer baie moet gebruik. Dis so maklik om vriendelik te wees en die woorde te gebruik**. [5.4]** Mense moet [gebruik goeie maniere elke dag].

Jy toon respek vir ander as jy hulle bedank vir ‘n presentjie of iets kleins wat iemand vir jou gedoen het. **[5.5]** Daar is nog goeie maniere in skole. Vra mooi of jy asseblief die toebroodjie kan koop in plaas daarvan om dit soos ‘n boelie te eis.

Maniere vorm die basis van jou verhoudings met mense.**[5.6]** Selfs as jy [per / te / op] trein reis, wees vriendelik. Dit is die manier waarop ‘n mens jou gedra sodat mense kan sê dat jy ‘n goed- of sleggemanierde tiener is. Vra om verskoning as jy verkeerd was**. [5.7**] Die lewe sal lekkerder wees as jy mense respekteer.

Groet ‘n klant in die winkel vriendelik. Jy kan sommer ‘n ou tannie se dag maak en haar oor die pad na die bank help. [**5.13]** Alle ouers wil goedge-manierde [kind] hê

5.1 Skryf die volgende sin in die **DIREKTE REDE** oor.

Pieter sê dat hy mense vriendelik groet. [1]

5.2 Skryf die onderstaande sin in **die INFINITIEF** oor.

Wees vriendelik en bedagsaam.

Begin so: Dit is so maklik... [1]

5.3 Gee **die KORREKTE VORM** van die woord tussen die hakies.

Sê [bedank] vir die presentjie. [1]

5.4 Korrigeer die **WOORDORDE** in die volgende sin.

Begin so: Mense moet [gebruik goeie maniere elke dag] [1]

5.5 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** neer.

Daar is nog goeie maniere in skole. [1]

5.6 Kies die korrekte **VOORSETSEL** tussen die hakies en skryf dit neer.

Selfs as jy [per / te / op] trein reis, wees vriendelik. [1]

5.7 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Pa beveel sy seun om te gaan werk. [1]

5.8 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Ouma het ‘n presentjie by die winkel gekoop. [1]

5.9 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Daardie kind het iemand gevloek. [1]

5.10 Stel ‘n **VRAAG** waarop die onderstreepte deel die antwoord is.

<u>Die meeste skoliere</u> in ons skool het goeie maniere. [1]

5.11 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Die seun lê die hele dag op die bank. [1]

5.12 Gee ‘n HOMONIEM van die onderstreepte woord.

Ek help die tannie by die <u>bank</u> om geld te trek. [1]

5.13 Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies.


Alle ouers wil goedgemanierde [kind] hê. [1]

5.14 Skryf die volgende sin in die **TEENWOORDIGE TYD** oor.

Die seun het sy oupa gehelp om Facebook te gebruik. [1]

**[14]**

**TEKS J**




5.15 Kies die **korrekte woord** tussen die hakies en skryf dit neer.

Die twee jongmense is glad nie [moeilik / bekommerd / ontspanne] oor die matriekeksamen nie. [1]

5.16 Voltooi die volgende sin deur die korrekte **VOORSETSEL** te gee.

Hulle sal.... twaalfuur terug wees. [1]

5.17. Skryf die volgende sin oor soos aangedui.

Die twee matrieks ry elke middag met die karretjie.

Begin so: Elke middag.... [1]

5.18 Skryf die volgende sin oor deur die korrekte **LEESTEKENS** in te vul.

die seun se ek en katie sal later leer [1]

5.19 Kies die woord tussen die hakies wat korrek **GESPEL** is.

Die meisie is ‘n [pasassier / pasasier / passasier] in die motor. [1]

5.20 Skryf die **OORTREFFENDE TRAP** van die woord tussen hakies neer.

Die seun is die [trots] op sy oulike meisie! [2]
**[7]**

**TOTAAL AFDELING C: 50 verwerk na [40]**

**GROOTTOTAAL: (80)**